| | | |
|---|---|---|
| **Graad 8** | **Afrikaans Huistaal** | **September 2024** |
| **Vraestel 1** | **Afdeling A** | **Hardoplees** |

**Jeugverhaal:** Die een hand was die ander

1 Karel het in Namakwaland grootgeword. Sy ouers was skatryk boere in die Calvinia-distrik. Aan geld was daar nie ’n tekort nie. Tóg was hulle nederig. Sy pa het altyd geskerts: “As die skape nie vir my gesorg het nie, sou ek beslis nie kos op die tafel kon sit nie. Sonder my skape sou ek nie op my pláse geboer het nie, maar wél op die rooi tapyt van die bankbestuurder.”

2 Sal hy ooit die eerste week op hoërskool vergeet? Sy ouers het hom na ’n Engelse skool in die Paarl gestuur. Maar ai, die Engels! Engels is mos nou nie juis die grootste vriend van die Namakwalanders nie. Die Engelse woordeskat is maar beperk. Die eerste 6 maande in graad 8 was die woordeboek seker sy grootste vriend.

3 Hy het reeds die eerste maand met Paul, ’n regte *soutie*, bevriend geraak. Hy het Karel onder sy vlerk geneem en hom met Engels gehelp. As hy die dag se werk nie verstaan het nie, het hy daardie middag vir Karel in sy gebrekkige Afrikaans die werk wéér verduidelik. Dis maar moeilik om die werk in Engels te verstaan.

4 Dis dan ook hier waar Karel besef het hoe bevoorreg hy werklik was om alles te kry wat sy hart begeer het. Terwyl Karel in ’n luukse huis op die plaas grootgeword het, het Paul in ’n plakkerskamp grootgeword. Dis dan hier in die plakkerskamp waar Paul hom met Engels gehelp het.

5 Na skool het Karel en Paul se paaie geskei. Karel het medies aan die Universiteit van Stellenbosch gaan studeer. As mediese student het hy hom voorgeneem om eendag na die minderbevoorregtes om te sien. Hy het dan ook sy woord gestand gedoen.

6 Nadat hy ’n gevestigde praktyk op die been gebring het, het hy na Paul en sy ouers uitgereik. Dit was nou sý beurt om vir Paul te help. Hy het nie slegs maandeliks kruideniersware vir sy ouers gaan aflaai nie, maar het sy pa se arm gedraai om vir Paul as voorman aan te stel.

**Hardoplees:** Die een hand was die ander

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend lees en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en intonasie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beklemtoning, hoorbaarheid en uitspraak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**Graad 8** **Afrikaans Huistaal** **September 2024**

**Vraestel 1** **Afdeling B** **Luister en praat**

**Toespraak:** Boesemvriende, vriende en geleentheidsvriende

1 Ek weet dat julle ná hierdie toespraak saam met my sal stem dat nie álmal ons boesemvriende kan wees nie. Ek wil julle ook graag waarsku om op die uitkyk vir geleentheidsvriende te wees.

2 Waaraan word ware vriendskap gemeet? Hier is die hoekstene van ware vriendskapsbande.

3 Ware vriende sal altyd lojaal teenoor mekaar wees. Indien iemand iets neerhalends of afbrekends van sy vriend sou sê, of van hom sou skinder, sal hy altyd vir sy vriend in die bresse tree en daardie persoon gou die mond snoer.

4 Vriendskapsbande is ook op vertroue gebou. Dis hierdie vriend met wie jy jou diepste geheime kan deel en die sekerheid het dat dit slegs tussen julle twee sal bly. As hy sy woord gegee het dat jou geheim by hom sal bly, dan sál dit. Indien hulle ’n belofte aan mekaar gemaak het, sal hulle dit altyd nakom, want hulle sal altyd eerlik met mekaar wees.

5 ’n Verdere pilaar van vriendskap is wedersydse respek. Nie slegs respek vir mekaar nie, maar ook respek vir mekaar se lewensuitkyk op die lewe. Hulle mag wel soms van mekaar verskil, maar geen argument kan tussen ware vriende kom nie. Ware vriende sal mekaar ook nooit oordeel nie, aangesien hulle mekaar respekteer.

6 Nie almal met wie ons bevriend is, is ons boesemvriende nie. Ons mag wel met vriende om die braaivleisvuur sit en kuier, maar die geselskap is slegs tot die alledaagse gebeure soos sport, die kerkbasaar, die skou en die dag se gebeure beperk. Hier is dit dan ook waar daar gereeld grappe vertel en geskerts word.

7 Dan is daar die geleentheidsvriende vir wie ons op die uitkyk moet wees. Dis daardie vriende wat met jou bevriend is, slegs omdat hulle iets van jou verwag. Dis juis hierdie vriende wat jou sal opsy skuif sodra hulle gekry het waarvoor hulle gesoek het.

8 Ek is seker dat elkeen van julle julself met een van die bostaande soorte vriende kon identifiseer. Indien jy die boesemvriend van iemand is, koester julle vriendskap. Waak teen vriende wat jou net wil gebruik. Hulle besorg jou net hartseer.

**Toespraak:** Boesemvriende, vriende en geleentheidsvriende

| | | |
|---|---|---|
| 1 | **Hoe sal 'n vriend wat *dislojaal* teenoor sy vriend is, optree?** | /2 |
| 2 | **Motiveer die stelling wat in paragraaf 4 gemaak word.** | /1 |
| 3 | **Waarom sou jy sê dat ware vriende hul geheime met mekaar sal deel en nie bang hoef te wees dat hy dit vir iemand anders sal oorvertel nie?** | /1 |
| 4 | **Noem slegs by EEN geleentheid waar 'n groep vriende saam kan kuier.** | /1 |
| 5 | **Teen watter vriende moet ons waak? Verskaf die rede vir jou antwoord.** | /2 |
| 6 | **In watter opsig kan ons iemand se vertroue breek?** | /1 |
| 7 | **Watter boodskap dra die spreker aan die luisteraar in paragraaf 8 oor?** | /3 |
| 8 | **Noem slegs EEN verskil en EEN ooreenkoms tussen 'n *boesemvriend* en 'n *gewone vriend*.** | /2 |
| 9 | **Watter voordeel hou dit vir die spreker van hierdie toespraak in, aangesien hy die gehoor in paragraaf 8 betrek het?** | /1 |
| 10 | **Wat is die kerngedagte van die bostaande toespraak?** | /1 |
| 11 | **Noem slegs EEN stelling wat die spreker van hierdie toespraak oor boesemvriende gemaak het.** | /1 |
| 12 | **Verskaf die rede waarom elke *stelling* in die bostaande toespraak *gemotiveer* word.** | /1 |
| 13 | **Watter voordeel hou dit vir die spreker van die bostaande toespraak in, aangesien sy toespraak op *feite* gebaseer is?** | /1 |
| 14 | **Verskaf die rede waarom jy sou sê dat die *inhoud* van die bostaande toespraak geloofwaardig is.** | /1 |
| 15 | **Waarom sou jy sê dat ons GEEN *storielyn*, *karakterontwikkeling, karakters* of *karakteropenbaring* hier aantref nie?** | /1 |
| | **Totaal: 20** | **/20** |

**Toespraak:** Boesemvriende, vriende en geleentheidsvriende

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend praat, beklemtoning en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Inligting, feite en oorredende taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stellings en motiverings: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en oogkontak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 20** **/20**

**GROOT TOTAAL: 40÷2=20** **/20**

**Graad 8** | **Afrikaans Huistaal** | **September 2024**

**Vraestel 2** | **Afdeling A** | **Leesbegrip**

## 1 Dialoog: Wiskunde en rugby is nie die alfa en omega nie

1 *Terwyl Peet met sy kop tussen sy hande onder die bloekomboom by die skoolhek sit, dink hy weer terug aan die onaangename ondervinding in die skoolhoof se kantoor. Geen salf kan hierdie seermaak-woorde genees nie. Jy kan nie sommer net ’n pleister oor hierdie woorde plak en dan dink dat dit onder die pleister sal genees nie. Hoe kan hy hierdie woorde wat hom so minderwaardig laat voel, ooit vergeet? Henk se stem ruk hom tot die hede.*

2 Henk: *(met ’n bekommerde stem)* Waarom sit jy so alleen? Ons span het jou nodig. Ou Zak se span teken die een drie na die ander aan.

3 *Peet lig sy kop. Hy is amper te skaam om na Henk kyk. Seuns huil mos nie.*

4 Henk: *(nuuskierig)* En dié rooi oë? Was jy in die kantoor? Jy het seker ses van die bestes gekry!

5 Peet: *(neerslagtig)* Ek was wél in die kantoor. Hét ek maar eerder ses van die bestes gekry! Meneer Potgieter se woorde het my nie slegs seergemaak nie, maar ook minderwaardig laat voel. Hy reken dat ek dit nie eendag ver sal bring nie. Volgens hom is dit slegs mense wat goed in Wiskunde vaar, wat ’n sukses van hulle lewens maak.

6 Henk: *(met ’n frons tussen sy oë)* Moet jou nie aan hom steur nie. Daar is niemand wat kan redeneer soos jy nie.

7 Peet: Ons weet almal dat meneer Potgieter nie juis in kultuur belangstel nie. Rugby is vir hom alles. As ek verby hom op die stoep stap, sal hy slegs sy kop knik as hy my groet. Maar laat daar nou ’n rugbyspeler verby hom stap!

8 Henk: *(gerusstellend en vasberade)* Gelukkig is Wiskunde ’n keusevak. Ek kan nie wag om meneer Potgieter se gesig te sien as jy ná volgende week se nasionale redenaarskompetisie met die beker huis toe kom nie. Wys hom jy kan! Wys hom dat Wiskunde en rugby nie die alfa en omega is nie.

**1.1 Hoe hou paragraaf 5 en die inleiding met mekaar verband?** (2)

**1.2 Dui die ruimte aan waar die dialoog plaasvind.** (2)

**1.3 Skryf die toneelaanwysing neer wat daarop dui dat Henk *besorgd* was oor sy vriend.** (1)

**1.4 Noem slegs EEN emosie wat Peet ervaar het?** (1)

**1.5 Wanneer vind hierdie dialoog plaas?** (1)

**Totaal: 7** **/7**

**2 Artikel:** Dankie beurtkrag

1 Julle mag wel dink dat die opskrif van hierdie artikel malligheid is, maar is dit regtig? Hier word aangetoon dat die toepassing van beurtkrag die sosiale lewens van die gesin ten goede verander.

2 Waar ons saans vasgevang voor die TV gesit het, kan ons gedurende beurtkrag meer tyd aan mekaar spandeer. Daar is weer tyd vir kommunikasie. Ouers wil graag weet hoe hul kinders die dag by die skool ervaar het. Ouers van graad 8-leerlinge kan weer vir hul kinders meer oor die ontgroening by die skool uitvra. Ouers maak weer tyd om hul kinders met hul huiswerk te help. Seuns kry weer die geleentheid om hul pa's meer van hul rugbywedstryd of -oefening te vertel. Dogters kry weer die geleentheid om hul ma's meer van hul netbalbedrywighede te vertel. Hier is weer van ouerbetrokkenheid by die kind se skoolwerk en naskoolse aktiwiteite sprake. Ouers mag dit wel nie altyd besef nie, maar kinders waardeer dit as hul ouers in hul skoolwerk en -aktiwiteite belangstel.

3 By baie gesinne word bordspeletjies weer afgestof en uitgehaal. Baie keer is dit iets heel vreemds vir kinders. As dit nie hul selfone is wat hul tyd in beslag neem nie, reël die TV hul lewens.

4 Gedurende beurtkrag kan die gesin weer om die kombuistafel sit, terwyl daar pannekoek op die gasstoof gebak word.

5 Deesdae stap al meer gesinne ver ente gedurende beurtkrag. Daar is mos 'n heruitsending van Ma se sepies en Pa se aktuele sake. Die honde-kinders kry dan ook sommer oefening!

6 Vure word weer tydens beurtkrag aangesteek. Daar word weer gekuier en geskerts om die braaivleisvuur. Die vorige Saterdag se rugbywedstryd word bespreek. Resepte word uitgeruil. Alles om die braaivleisvuur. Daar is nie 'n TV-program wat ons aanjaag om betyds by die huis te kom nie.

7 Miskien moet ons eers daaraan dink hoe beurtkrag ons sosiale lewens ten goede kan beïnvloed, alvorens ons oor beurtkrag kla. Sonpanele mag wel 'n oplossing wees, maar reël die TV dan nie maar weer eens ons lewens nie?

**2.1 Waarom sou jy sê dat paragraaf 1 *aansluit* by die opskrif?** (1)
**2.2 In watter *opsig* lei beurtkrag weer tot ouerbetrokkenheid?** (2)
**2.3 Waarom ken die meeste kinders nie bordspeletjies nie?** (2)
**2.4 Wat is die kerngedagte van die bostaande artikel?** (1)
**2.5 Hoe verskil die sosiale lewens van mense wat sonpanele kan bekostig met dié van hulle wat dit nie kan bekostig nie?** (1)

**Totaal: 7** **/7**

**3 Verslag:** Oorsake, gevolge en voorkoming van padongelukke

**1 Diere wat uit kampe gebreek het en oor die pad loop.**

Gevolge

1.1 Die bestuurder mag óf teen hierdie groot dier vasry, óf hy kan vir die dier uitswenk en beheer oor sy voertuig verloor.

1.2 Dit mag lewens eis en finansiële implikasies hê.

Voorkoming

1.1 Wees altyd op die uitkyk vir diere.

1.2 Handhaaf die spoedgrens en ry stadiger in dele waar dit dig bebos is.

1.3 Ry liewer in die dag, sodat jy die diere makliker kan gewaar.

**2 Indien iemand onder die invloed van drank sou bestuur.**

Gevolge

2.1 ’n Ongeluk kan gemaak word en lewens kan sodoende geëis word.

2.2 Dit kan finansiële implikasies hê.

2.3 Uitgerekte hofsake volg en die dronk bestuurder word tronkstraf opgelê.

Voorkoming

2.1 Moenie onder die invloed van drank bestuur nie.

2.2 Indien jy onder die invloed van drank is, kry iemand wat nugter is om jou huis toe te neem of maak van openbare vervoer gebruik.

**3 Indien jy nie die padreëls sou gehoorsaam nie.**

Gevolge

3.1 Jy kan ’n ongeluk veroorsaak.

3.2 Die skuldige bestuurder kan beboet word of tronkstraf opgelê word.

3.3 Lewens kan geëis word.

3.4 Dit kan finansiële implikasies hê.

Voorkoming

3.1 Gehoorsaam die padreëls.

3.2 Wees geduldig.

**4 Padtoestande.**

Gevolge

4.1 Die bestuurder kan beheer oor die voertuig verloor en ’n ongeluk maak.

4.2 Dit kan lewens eis.

4.3 Dit kan finansiële implikasies hê.

Voorkoming

4.1 Handhaaf jou spoed.

4.2 Ry stadiger op grondpaaie of op paaie waar slaggate voorkom.

**3.1 Hoe sluit die opskrif by die inhoud van hierdie verslag aan?** (3)

**3.2 Waarom moet ons besonder versigtig op ’n grondpad ry?** (1)

**3.3 Noem slegs EEN padreël wat motoriste moet gehoorsaam.** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**4 Resensie:** Die herontmoeting

1 *Die herontmoeting* is 'n boek wat jy net eenvoudig móét lees. Na die lees van hierdie boek, sal ons sien dat niks of niemand familiebande kan breek nie. Die verhaal bereik sy hoogtepunt by die herontmoeting van 'n ma met haar eens vervreemde dogter. Die optrede van die karakters en die onderskeie emosies wat hul ervaar, sal enige leser 'n knop in die keel laat kry.

2 Die gebeure volg mekaar chronologies op, maar tye wanneer die chronologie wel tydens terugflitse uit die verlede verbreek word, hou altyd aangename herinneringe in.

3 Tydens die dogter se huwelik was daar geen kontak tussen ma en dogter nie. Dis of die verlange na haar dogter vir die ma een te veel geword het. Waar sy aanvanklik altyd sosiaal verkeer het, het sy al meer teruggetrokke geraak. Dis of sy die verlange na haar dogter in haar huis wou vertroetel. Waar die dogter altyd opgewek was en mense met haar sprankelende geaardheid en laggende oë aangetrek het, het sy deesdae stil voorgekom. 'n Selfversekerde persoon wat deesdae onseker van haarself was. Haar laggende oë het plek gemaak vir oë waarin die droefheid gelees kon word.

4 Die persoon wat vir die verwydering tussen ma en dogter verantwoordelik was, het sý behoeftes altyd eerste gestel. Die behoeftes van sy vrou en die verlange na haar ma het vir hom niks beteken nie. Sodoende het die kloof van verwydering tussen ma en dogter al groter geword. Sy dominerende geaardheid het sy eens selfversekerde vrou se selfvertroue by die dag laat krummel.

5 Die taalgebruik en skryfstyl tydens die tydperk van verwydering verskil hemelsbreed van dié tydens die terugflitse en dié tydens die herontmoeting. Sodoende word die verskillende omstandighede en die atmosfeer duidelik onderstreep.

6 Aan die einde van die boek sal die leser besef dat hierdie wél 'n verhaal is waar die verbeelding 'n groot rol gespeel het, maar dat enige ouer in die samelewing hierdie pad met 'n vervreemde kind kan stap.

**4.1 Waarom sou jy sê dat ons karakterontwikkeling hier aantref?** (2)

**4.2 Waarom sou jy sê dat die *emosies* van die karakters tydens die vervreemding verskil van dié tydens die herontmoeting?** (2)

**4.3 Waarom sou jy sê dat hierdie boek *van toepassing* op elkeen se lewe kan wees?** (1)

**4.4 Waardeur word die optrede van *karakters* in 'n boek bepaal?** (1)

**Totaal: 6** **/6**

**5 Gedigte**

**5.1 Lees versreël 2 in die onderstaande strofe van "Wat kan ek vir jou gee?" teen 'n *stadige tempo* en met 'n *lae stemtoon*. Oor watter karaktereienskap beskik hierdie persoon?**

"Wat kan ek vir jou gee,
ék wat so arm is?
Moet ek gee van my weedom
en van my duisternis?" *N.P. van Wyk Louw*

**5.2 Waarna verwys "ons Suster" in die onderstaande versreëls uit "Die dans van die reën"?**

"O die dans van ons Suster!
Eers oor die bergtop loer sy skelm,
en haar oge is skaam;
en sy lag saggies." *Eugène Marais*

**5.3 Wat *beteken* die onderstreepte nuwe woordskepping soos ons dit aantref in een van die onderstaande strofes van "Wond"?**

"Seermaak-dinge
word later toemaak-goed

ook dapperes is bang vir bloed

mens draai die verbande om,
hou jou doof, swyg jou stom" *Lina Spies*

**5.4 Watter vorm van beeldspraak tref ons by die onderstaande versreëls van "Vakansie by die see" aan?**

"Die seuns swenk en weef
vir oulaas swierig met die branderkamme langs," *Johann de Lange*

**5.5 Watter soort rymskema tref ons in die onderstaande strofe van "Reën oor die berge" aan?**

"Met die wolke uit die weste
skuif die grysvaal reëngordyn.
Veraf oor die donker heuwels,
rol die donder se refrein." *Piet Swanepoel*

**Totaal: 5** **/5**

**GROOT TOTAAL: 30** **/30**

**Graad 8** **Afrikaans Huistaal** **September 2024**

**Vraestel 2** **Afdeling B** **Taal**

**1 Koerantberig: Sanger aangeval**

*Die wrede inbrekers het die kluis se sleutel vir die sanger gevra. Hulle was duidelik om slegs een rede daar. Hulle wou net geld hê. Nadat hy hulle meegedeel het dat daar geen geld in die kluis was nie, het hulle hom baie hardhandig vasgebind. Daarna is hulle na die sanger se slaapkamer. Hulle het sy duur gewere, sy duursame horlosie en sy kosbare kitaar geneem. Daarna het hulle hul uit die voete gemaak. Dis 'n ondervinding wat hierdie sanger beslis nooit sal vergeet nie!*

**1.1 Skryf reël 1 oor, maar vervang die onderstreepte byvoeglike naamwoord met 'n byvoeglike bysin.** (1)

**1.2 Skryf die *direkte* voorwerp in reël 1 neer.** (1)

**1.3 Vorm 'n afgeleide werkwoord van die onderstreepte woord in reël 2.** (1)

**1.4 Dui die skeibare werkwoord in reël 4 aan.** (1)

**1.5 Gee die intensiewe vorm vir die onderstreepte woord in reël 5.** (1)

**1.6 Wat *beteken* die onderstreepte idioom in reël 6?** (1)

**1.7 Skryf die samestellende afleiding in reël 7 neer.** (1)

**2 Inligtingsteks: Die tiekieboks se plaasvervanger**

*Die dae van die tiekieboks is vir altyd verby. Almal het deesdae 'n selfoon. Hoewel die selfoon dit vir ons moontlik maak om met enigiemand op enige plek in verbinding te kan tree, wil dit ongelukkig voorkom of die sosiale lewe hieronder ly. Hoeveel mense tik net nie 'n WhatsApp in die geselskap nie? Dis uiters onvanpas. Die selfoon het die gesinslewe ook heeltemal ingesluk. Dis of die selfoon ons lewens oorgeneem het.*

**2.1 Skryf die onderstreepte sin in reël 1 in die ontkennende vorm.** (1)

**2.2 Skryf die onbepaalde voornaamwoord in reël 2 neer.** (1)

**2.3 Skryf die bywoordelike sinsnede van plek in reëls 4 & 5 neer.** (1)

**2.4 Skryf die onderstreepte sin in reël 5 oor in die toekomende tyd.** (1)

**2.5 Skryf die onderstreepte sin in reël 6 oor as 'n vraagsin.** (1)

**3 Argumenterend: Die stads- en die plattelandse lewe**

*Daar is wel baie werksgeleenthede in 'n stad, maar dit kan beslis nie die rustigheid van die plattelandse lewe vervang nie. Pa sê altyd: "Ek gaan beslis op die platteland aftree. Ek wil die stilte van die platteland ervaar."*

**3.1 Gee die trappe van vergelyking vir die onderstreepte woord in reël 1.** (1)

**3.2 Skryf die saamgestelde woord in reël 1 neer.** (1)

**3.3 Skryf die onderstreepte sin in reëls 2 & 3 oor in die indirekte rede.** (1)

**Totaal: 15** **/15**

| **Graad 8** | **Afrikaans Huistaal** | **September 2024** |
|---|---|---|
| **Vraestel 3** | **Skryf** | |

**Skryf ’n verhalende opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende.**

Aarde…sluk my in! / As ek daardie naweek maar kon uitvee. / Die riemtelegram.

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Gebeure, chronologie, klimaks en slot: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Karaktereienskappe en -ontwikkeling: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, paragrafering, inhoud en ruimte: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf ’n beskrywende opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende.**

Die winter in my lewe. / Die nuwe intrekkers. / Ouma en haar grille.

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beeldspraak, idiome en skryfstyl: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Karaktereienskappe, beskrywing en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, paragrafering en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| | | | | | **/20** |

**EN**

**Skryf ’n vriendskaplike brief van 140–160 woorde oor EEN van die volgende.**

Skryf ’n brief aan jou maat en vertel hom van jou staptoer. /
Skryf ’n brief aan jou ouers en vertel hulle van ’n voorval in die koshuis.

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, interessant, gebeure en chronologie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, uitleg en punktuasie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Voer ’n onderhoud van 120–140 woorde met EEN van die volgende persone.**

’n Onderhoud met ’n tennisspeler van die Franse Ope. /
’n Onderhoud met een van die organiseerders van ’n musiekfees.

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Bondige inleiding, inhoud en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Formaat, dialoog en punktuasie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| | | | | | **/10** |
| **GROOT TOTAAL:** | | | | | **/30** |

**Memorandum** **September 2024**

**Toespraak**: Boesem vriende, vriende en geleentheidsvriende

1.1 Hy sou nie vir hom in die bresse tree as iemand iets neerhalends of afbrekends van hom sou sê nie. ✔

1.2 Hy sou nie vir hom in die bresse tree as iemand van hom sou skinder nie. ✔

2 Jy deel jou diepste geheime met 'n boesemvriend, want jy kan hom vertrou.

3 Indien 'n opregte vriend sy woord gegee het dat sy vriend se geheim by hom sal bly, dan sál dit. Sy vriend kan hom dus met sy geheim vertrou.

4 Om die braaivleisvuur. **(enige ander aanvaarbare antwoord)**

5 Ons moet teen geleentheidsvriende waak, ✔ aangesien hulle jou eenkant toe skuif nadat hulle gekry het wat hulle gesoek het. ✔

6 Ons verklap sy geheim wat hy in vertroue aan ons meegedeel het.

7.1 Elkeen kan homself met een van die bostaande vriende identifiseer.

7.2 Ons moet die *vriendskapsbande* van 'n boesemvriend koester.

7.3 ***Waak*** teen geleentheidsvriende, want hulle besorg net hartseer.

8.1 **Verskille:** ***Boesemvriende***

8.1.1 Jy vertrou hulle ***altyd*** en sal jou diepste geheime met hulle deel.

8.1.2 ***Ware vriende*** is ***altyd*** eerlik met mekaar.

8.1.3 ***Ware vriende*** is ***altyd*** lojaal teenoor mekaar.

8.1.4 Hier word ***te alle tye*** wedersydse respek aangetref. **(slegs EEN)**

***Gewone vriende***

8.1.1 Jy vertrou hom nie ***altyd*** nie en sal daarom nie jou diepste geheime met hom deel nie.

8.1.2 ***Gewone vriende*** mag ***soms*** tog ***nie*** eerlik met mekaar wees nie.

8.1.3 ***Gewone vriende*** mag ***slegs van tyd tot tyd*** lojaal teenoor mekaar wees.

8.1.4 Hier mag net ***soms*** wedersydse respek aangetref word. **(slegs EEN)** ✔

8.2 Die ***ooreenkoms*** is vriendskapsbande. ✔

9 Hy mag die gehoor makliker kan oorhaal om saam met hom te stem.

10 Die verskille tussen ***boesemvriende***, ***vriende*** en ***geleentheidsvriende*** word ***bespreek***.

11 Boesemvriende sal altyd lojaal teenoor mekaar wees. **/** Die vriendskapsbande by boesemvriende is op vertroue gebou. **/** Boesemvriende sal altyd eerlik en opreg met mekaar wees. **/** Boesemvriende respekteer mekaar. **(slegs EEN)**

12 Om die gehoor sodoende ***makliker*** te kan oortuig.

13 Hy maak dit meer geloofwaardig, sodat die luisteraar die feite nie kan ***bevraagteken*** nie en gevolglik saam met hom moet stem.

14 Enige ***realistiese*** antwoord wat met hierdie toespraak verband hou.

15 Aangesien hierdie toespraak op feite gebaseer is en hier nie plek vir die verbeelding is nie.

1 **Dialoog:** Wiskunde is nie die alfa en omega nie

1.1 Dit het vir Peet seergemaak ✔ en hom minderwaardig ✔ laat voel, aangesien meneer Potgieter vir hom gesê het dat hy dit nie ver in die lewe sal bring nie.
1.2 Die dialoog vind onder die bloekomboom ✔ by die skoolhek ✔ plaas.
1.3 Henk: *(met 'n bekommerde stem)*
1.4 Die emosie van neerslagtigheid / minderwaardigheid. **(slegs EEN)**
1.5 Hierdie dialoog vind gedurende pouse plaas.

**2 Artikel:** Dankie beurtkrag

2.1 Dit is aan beurtkrag te danke dat die sosiale lewens van die gesin ten goede verander het.
2.2 Ouers stel weer in die kind se skoolbedrywighede ✔ en skoolwerk ✔ belang.
2.3 Hulle bring baie tyd op hul selfone ✔en voor die TV ✔deur.
2.4 Dat beurtkrag die sosiale lewens van gesinne ten goede ***verander***.
2.5 Terwyl mense wat nie sonpanele kan bekostig nie, 'n meer sosiale lewe ***tydens beurtkrag*** kan lei, reël die TV nog steeds die lewens van mense wat dit wel kan bekostig.

**3 Verslag:** Oorsake, gevolge en voorkoming van padongelukke

3.1 Die ***oorsake***, ✔***gevolge*** ✔ en ***voorkoming*** ✔ van padongelukke word breedvoerig bespreek.
3.2 Jou motor kan maklik op 'n grondpad gly.
3.3 Moenie 'n voertuig op 'n sperstreep verbygaan nie.
**(enige ander aanvaarbare padreël)**

**4 Resensie:** Die herontmoeting

4.1.1 Die ma het eers sosiaal verkeer, maar nou is sy teruggetrokke.
4.1.2 Die dogter was eens selfversekerd en sprankelend, maar is nou onseker van haarself en nie meer so sprankelend nie.

4.2 Tydens die ***vervreemding*** het hulle die emosies van hartseer en verlange ervaar, ✔maar tydens die herontmoeting het hulle die emosies van blydskap en opgewondenheid ervaar. ✔

4.3 Aangesien enigeen die omstandighede van vervreemding kan ***ervaar***. / Enigeen kan vervreemd word van sy familie.
**(enige ander aanvaarbare antwoord)**

4.4 Die ***optrede*** van karakters word deur hul emosies bepaal.

## 5 Gedigte

5.1 Wat kan ek vir jou gee?

"Wat kan ek vir jou gee,
**ék wat so arm is?**
Moet ek gee van my weedom
en van my duisternis?"

Hy is beskeie.

5.2 Die dans van die reën

Dit verwys na **die reën.**

5.3 Wond

"mens draai die verbande om,
hou jou doof, ***swyg jou stom***"

"swyg jou stom" is 'n nuwe woordskepping vir "**om stil te bly**".

5.4 Vakansie by die see

"Die seuns swenk en weef
vir oulaas swierig met die branderkamme langs,"

"***Branderkamme***" is 'n voorbeeld van 'n **metafoor**.

5.5 Reën oor die berge

"Met die wolke uit die weste a
skuif die grysvaal reëngordyn. b
Veraf oor die donker heuwels, c
rol die donder se refrein." b

Ons tref **gebroke rym** hier aan.

**Memorandum** | **Taal** | **September 2024**

**1 Koerantberig:** Sanger aangeval

1.1 Die inbrekers wat wreed is, het die kluis se sleutel vir die sanger gevra.
1.2 Die wrede inbrekers het die kluis se sleutel vir die sanger gevra.
1.3 Rede – redeneer
1.4 Hulle het hom baie hardhandig vasgebind.
1.5 Hulle het sy peperduur gewere geneem.
1.6 Daarna het hulle gevlug.
1.7 Dis ’n ondervinding wat hierdie sanger nooit sal vergeet nie.

**2 Inligtingsteks:** Die tiekieboks se plaasvervanger

2.1 Niemand het deesdae ’n selfoon nie. /
Nie álmal het deesdae ’n selfoon nie. **(slegs EEN)**

2.2 Die selfoon maak dit vir ons moontlik om met enigiemand op enige plek in verbinding te kan tree.
2.3 Hoeveel mense tik net nie ’n WhatsApp in die geselskap nie?
2.4 Dit sal uiters onvanpas wees.
2.5 Is dit of die selfoon ons lewens oorgeneem het?

**3 Argumenterend:** Die stads- en die plattelandse lewe

3.1

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| Baie | meer | meeste |

3.2 Daar is baie werksgeleenthede in ’n stad.
3.3 Pa sê altyd dat hy beslis op die platteland gaan aftree.

**Naslaanbronne** **September 2024**

**Jeugverhaal:** Die een hand was die ander
*Eugene van der Westhuizen*

**Toespraak:** Boesemvriende, vriende en geleentheidsvriende
*Eugene van der Westhuizen*

**Dialoog:** Wiskunde is nie die alfa en omega nie
*Eugene van der Westhuizen*

**Artikel:** Dankie beurtkrag
*Eugene van der Westhuizen*

**Verslag:** Oorsake, gevolge en voorkoming van padongelukke
*Eugene van der Westhuizen in samewerking met verkeerskonstabel H.J. Japp*, *Boshof Verkeersdepartement*

**Resensie:** Die herontmoeting
*Eugene van der Westhuizen*

***Wat kan ek vir jou gee***?
*Alleenspraak: N.P. van Wyk Louw*
*N.P. van Wyk Louw*
*Tafelberg-uitgewers Beperk, 1935*

***Die dans van die reën***
*Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees*
*F. Viljoen, R. Lamprecht, H. Viljoen*
*Eugène Marais*
*Best Books, 2009*

***Wond***
*Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees*
*F. Viljoen, R. Lamprecht, H. Viljoen*
*Lina Spies*
*Best Books, 2009*

***Vakansie by die see***
*Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees*
*F. Viljoen, R. Lamprecht, H. Viljoen*
*Johann de Lange*
*Best Books 2009*

***Reën oor die berge***
*Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees*
*F. Viljoen, R. Lamprecht, H. Viljoen*
*Piet Swanepoel*
*Best Books, 2009*

**Koerantberig:** Sanger aangeval
*Eugene van der Westhuizen*

**Inligtingsteks:** Die tiekieboks se plaasvervanger
*Eugene van der Westhuizen*

**Argumenterend:** Die stads- en die plattelandse lewe
*Eugene van der Westhuizen*